MINISTRY
PUBLIC SERVICE AND ADMINISTRATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Toespraak deur die adjunkminister, dr. Chana Pilane-Majake, by die geleentheid van die 6de jaarlikse Bertha Gxowa-stigting-gedenklesing, 28 November 2023

Begroetings:

Premier van Gauteng, Eerbare mnr. Panyaza Lesufi

Die Gautengse LUR vir gesondheid en welstand, me Nomantu Nkomo-Ralehoko

Gesiene lede van die Gxowa-familie

Eerwaarde Tebogo Musana – AME-kerk

HUB van die Bertha Gxowa-stigting en personeellede

Dames en here

Dit is 'n eer om in my hoedanigheid as die voorsitter van die Bertha Gxowa-stigting voor u te staan. Die belangrikste is egter dat ek vandag hier staan as 'n vrou wat die gees van veerkragtigheid en vasberadenheid wat

verteenwoordig word [deur die stigting] beliggaam.

As die voorsitter van die Bertha Gxowa-stigting is ek bevoorreg om die nalatenskap van 'n merkwaardige vrou wat haar lewe daaraan toegewy het om ander te bemagtig, oor te dra. Haar onwrikbare verbintenis tot geslagsgelykheid en sosiale geregtigheid inspireer my en dryf ons stigting se missie.

Terwyl mamma Bertha Gxowa nie meer fisies teenwoordig is nie, vereer die stigting wat haar naam dra en die 6de Jaarlikse Bertha Gxowa-stigting-gedenklesing haar doelgerigte lewe en die nalatenskap wat sy agtergelaat het.

Die 2023 jaarlikse Bertha Gxowa-stigting-gedenklesing wat binnekort deur Premier Panyaza Lesufi gelewer sal word met die tema, "Die lewe en tye van mamma Bertha Gxowa; na volhoubare ontwikkeling", het ten doel om die beduidende bydraes wat mamma Bertha Gxowa tot volhoubare ontwikkeling gemaak het, te vier en te oordink.

Mamma Bertha Gxowa se toewyding aan volhoubare ontwikkeling was duidelik in haar onvermoeide pogings om gemarginaliseerde gemeenskappe te bemagtig en sosiale geregtigheid te bevorder. Haar verbintenis tot die opheffing van ander inspireer toekomstige geslagte, wat die jaarlikse Bertha Gxowa-stigting-gedenklesing 'n belangrike gebeurtenis maak om haar merkwaardige nalatenskap te vereer.

Dames en here, verskoon asseblief my paar opmerkings oor mamma Bertha Gxowa se enorme nalatenskap sonder om in te meng met die agbare Premier Lesufi se verwagte programrede. Sodoende wil ek graag uit bemarkingsjargon put en die Bertha Gxowa-stigting se pogings met die skep van handelsmerke vergelyk.

Die Bertha Gxowa-stigting het met sukses 'n reputasie ontwikkel vir sy onwrikbare toewyding om gemarginaliseerde gemeenskappe te help, baie soos 'n groot handelsmerk 'n blywende indruk maak en lojaliteit ontwikkel. Sedert sy ontstaan in 2012, het die stigting homself as 'n baken van hoop en 'n katalisator vir goeie verandering geposisioneer deur sy vele projekte en programme.

Mamma Gxowa se formidabele lewe en nalatenskap steun die Bertha Gxowa-stigting-handelsmerk. Ek is bly om te rapporteer dat die stigting die afgelope dekade konsekwent gestand gedoen het aan die nalatenskap van mamma Gxowa. Die stigting het ook sy beloftes nagekom aan daardie dele van die samelewing vir wie sy so passievol omgegee het.

Die stigting se verbintenis tot die bemagtiging van vroue, die opheffing van gemeenskappe en die verdediging van sosiale geregtigheid het wydverspreide erkenning en ondersteuning verkry, wat dit 'n betroubare en invloedryke organisasie in die filantropiese sektor maak.

Deur sy verskeie inisiatiewe het die stigting die lewens van ontelbare individue aangeraak en aan hulle geleenthede vir groei en positiewe verandering gebied.

Deur getrou te bly aan sy kernwaardes en konsekwent impakvolle inisiatiewe te lewer, kan die stigting sy langlewendheid verseker en sy reputasie as 'n betroubare bondgenoot in die opheffing van gemarginaliseerde gemeenskappe handhaaf soos dit die eeufees van die geboorte van mamma Bertha Gxowa nader.

Maar, soos enige groot handelsmerk, sal sy voortuitgang of agteruitgang egter uiteindelik afhang van sy vermoë om by veranderende omstandighede aan te pas en aan te hou voldoen aan die ontwikkelende

behoeftes van die gemeenskappe wat dit dien.

Gevolglik moet die Bertha Gxowa-stigting-handelsmerk getrou wees aan die kernwaardes wat sy missie inspireer, maar die stigting se woorde en dade moet ook vars en lewendig wees vir die veranderende demografie van ons nasie, wat dui op 'n groeiende en tegnologies-gesinde jeugbevolking.

Dit beteken dat die stigting aktief by jongmense – veral vroue – betrokke moet raak en tegnologiese vooruitgang moet aangryp om hulle doeltreffend te bereik en te ondersteun. Deur dit te doen, kan die Bertha Gxowa-stigting die relevansie en langlewendheid daarvan verseker om die samelewing positief te beïnvloed.

Die doel van die jaarlikse Bertha Gxowa-stigting-gedenklesingsreeks is dus om 'n platform te bied vir diepsinnige besprekings en insigte oor kwessies wat relevant is vir die jeug en hul toekoms. Dit is daarop gemik om jong individue te inspireer en te bemagtig deur suksesverhale, innoverende idees en oplossings ten toon te stel wat kan bydra tot hul persoonlike groei en maatskaplike vooruitgang.

Deur hierdie lesingreeks kan die stigting 'n gevoel van gemeenskap en samewerking onder jongmense bevorder, om hulle aan te moedig om aktiewe deelnemers te word in die vorming van 'n beter môre.

Ek dank u!